# VERF: BRANDWEERWA

Die onderwyser gaan met die leerders brandweermanne behandel. Sy gaan dan dat die leerders n brandweerwa verf.




Benodighede

1. Spons.
2. Rooi verf.
3. Verskillende kleure karton.
4. Gom.
5. Sker.
6. Swart kryt.

**Stappe**


1. Die leerders neem die spons en druk dit in die rooi verf. Hulle maak eers een rooi reghoek. Byvoorbeeld:



2. Die leerders maak dan nog n reghoek op die bestaande reghoek. Byvoorbeeld:




3. Die leerder maak dan vir die brandweerwa 'n leer deur grys karton en n swart verkryt.




4. Die leerders versier nou die brandweerwa deur byvoorbeeld n venster te maak ensovoorts.



# VERF: POLISIE KAR




**Benodighede**

1. Papierbord.
2. Kwaste.
3. Blou verf.
4. Swart wiele.
5. Geel sterre.
6. Wit venster van karton.
7. Rooi reghoeke.
8. Rooi glitter.

**Stappe**

1. Die onderwyser sny vooraf die wit papierborde in die vorm van n polisie kar.
2. Die leerders verf die polisie kar blou.
3. Die leerders versier die polisie kar met die swart wiele, gee ster, wit vensters ensovoorts.



# PLAK: DOKTERTAS

Die leerders gaan hul eie doktertas maak.



**Benodighede**

1. Swart karton.
2. Sker.
3. Gom.
4. Oorstokkies.
5. Plysters.
6. Watte.
7. Verbande.
8. Wit karton.

**Stappe**

1. Die onderwyser sny vooraf vir die leerders dokters tasse uit swart karton uit.
2. Die leerder neem nou al die materiaal wat die onderwyser vir hom gegee het en plak dit op sy dokter tas. Byvoorbeeld die plysters, watte, verbande ensovoorts.





# RESEP: CHOCOLATE BROWNIE VERKEERSLIG



Benodighede vir verkeerslig brownie:

1. Chocolate brownie resep.
2. M & M's - rooi, oranje en groen.
3. Oondjie.

CHOCOLATE BROWNIE RESEP

KOEK BESTANDELE:
1 koppie koekmeel
1 koppie suiker
3 eetlepel kakao
1 kop lou water
1 teelepel vanilla essens
4 teelepels bakpoeier
1/4 teelepel sout
2 eiers
1/4 koppie kookolie

SOUS BESTANDELE:
1 blik Ideal melk
1/4 koppie suiker
200g sjokolade

KOEK METODE:

Sif droë bestanddele saam

Klits eiers en meng met lou water, olie en vanilla essens

Voeg droë bestanddele en eiermengsel saam en meng goed

Gooi in gesmeerde plat bak
Plaas 7 minute op 100% in mikrogolfoond
Los vir 1 minuut in mikrogolf voor dit oopgemaak word
Haal uit oond en laat goed afkoel

SOUS:
Smelt 3/4 (driekwart) van die ideal melk en al die suiker saam
Gooi oor koek
Smelt 1/4 (kwart) van die ideal melk en sjokolade saam
Gooi oor koek



Gee vir die leerder dan die oranje, groen en rooi M&M's en laat hulle dit op die chocolate brownies pak.



# AKTIWITEIT: ROBOT




**Materiaal wat benodig word:**

1. Rooi papier.
2. Geel papier.
3. Groen papier.
4. Wit papier , met n swart raam om.
5. Rooi, geel en groen kruite.

Stappe om die robot te maak:

1. Die onderwyser neem die groen, rooi en geel kruite en teken sirkels op die papier met elke kleur. Die onderwyser gebruik 'n ronde bakkie om 'n perfekte sirkel te trek.
2. Die leerders kry dan geel, groen en rooi papier.
3. Die leerders moet die papier in stukkies skeur en dan in die regte kleur plak. Byvoorbeeld die rooi papier word geplak in die rooi



